Tel: 053 0505 986
Sel: 072 140 8634
E-pos: admin@jakkies.com
sport@jakkies.com
skoolhoof@jakkies.com

JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL

Piet Retiefstraat
Posbus 107
Jacobsdal
8710

NUUSBRIEF: 25 (8 - 16 Augustus 2024)

SPORT

KRIEKET

0/13A en 0/13B speel Maandag, 12 Augustus, om 14:30 'n oefenwedstryd teen mekaar op die skool se veld.

OUERS

JAKKIES GHOLFDAG

Baie dankie aan almal wat bygedra het om ons Gholfdag van 3 Augustus, 'n reuse sukses te maak. Dankie aan al die borge en spelers wat deelgeneem het, ook ons rolbalspanne. Sonder julle sou hierdie dag nie kon plaasvind nie.

PRYSBORGE:

Halsted Kimberley, Die Pershuis Koffiewinkel, Pioneer, B&H Diesel, Beefmaster, Mr.B.Wholesalers, Start Baking (Janine v Jaarsveld), Angel's Taste (Engela Strydom), Jacobsdal Inn, Maritza du Plooy, Windpomp Sherry, Griekwas, Gariep Pecans.

PUTJIEBORGE:

AirconElec (Jaco Erasmus), Pioneer (Hoofborg), Jacobsdal Abattoir, Nico&Lizmari Jacobs, Faber Prokureurs, Gariep Motors Kimberley (Mercedes-Benz), Human Auto Kimberley (Ford), EML Rekenmeesters, Verbinix (Lennie Wilkinson), Noordkaap Makelaars, DNV Quantity Surveyors (Danie Botha), Jakkies Opwaarts Sentrum.

PERSONEEL

Ons heet vir juffrou Welma Swartz hartlik welkom hier by Jacobsdal Primêre Skool as die nuwe Gr.3A leerkrag. Ons wens jou alle sterkte en voorspoed toe vir hierdie nuwe uitdaging. Welkom by JPS!

SKOOLSPORT VS BUITESPORT

Ouers moet kennis neem: Indien jou kind gekies is vir 'n skoolspan en dan nie vir die span kan deelneem tydens 'n "skoolaktiwiteit" nie a.g.v. deelname aan 'n buitesport/privaat aktiwiteit, kan jou kind sy/haar plek verbeur in die skoolspan. Skoolsport kry voorkeur bo 'n buitesport/privaat aktiwiteit! Jou kind gaan ook nie enige erkenning kry vir die buitesport nie.

AFRIGTERS VAN BUITESPORTE

Ons doen asb. 'n beroep op afrigters van buitesporte om hul deelnemers by die koshuis te gaan haal. Die kinders kan nie alleen in die strate loop na die verskeie aktiwiteite nie. Reël die tye met die deelnemers.

HERREGISTRASIEVORMS
Leerders het verlede week herregistrasievorms vir die skool en koshuis ontvang.
Ons wil weet of u kind volgende jaar weer in die skool en/of koshuis gaan wees.
Ons heg die vorms aan hierdie nuusbrief. Stuur asb. die afskeurstrokie terug na die klasonderwyser indien u dit nog nie gedoen het nie. Dankie vir die ouers wat reeds teruggestuur het skool toe.

LEERDERS

REDENAARS
Sterkte aan deelnemers wat aan die finale rondte van die redenaars gaan deelneem op Dinsdag, 13 Augustus om 14:30 in juffrou Madeleine se klas.

WOW SPELFEES
Sterkte aan leerders wat op Woensdag, 14 Augustus aan die Distrikbyeenkoms in Trompsburg gaan deelneem. Die bus vertrek om 10:30 vanaf die skool. Leerders moet asb. die volgende saamneem:

- ‘n Geldjie (daar gaan ‘n snoepie wees)
- Genoeg kos vir die hele dag
- Potloodsakkie

MENTAL MATHS
Sterkte aan leerders wat op Donderdag, 15 Augustus aan die Distrikbyeenkoms in Trompsburg gaan deelneem. Die bussie vertrek om 06:30 vanaf die skool. Leerders moet asb. genoeg kos vir die hele dag saamvat, asook ‘n geldjie, want daar sal by ‘n winkel gestop word.

LIGGEWEERSKIET
Baie geluk aan Madré van der Merwe wat deurgedring het na die 0/14 VS finale liggeweerskiet. Ons is baie trots op jou. Mik hoog!

AFWESIGE LEERDERS
Huiswerk word op graadgroepe geplaas vir afwesige leerders deur die personeel. Dit bly jou verantwoordelikheid om die werk te doen en te sorg dat jy op datum is as jy terug is in die klas. Geen verskoning van “ek was afwesig” sal aanvaar word nie.

TASSE EN KLERE
Al hoe meer tasse en klere word oornag op die skoolterrein vergeet. Sommige leerders doen nie eers moeite om dit te soek nie. Dit is dan wanneer die kinders se goed wegraak. Ons gaan alles konfiskeer en jy gaan ‘n boete betaal om dit terug te kry. Pas jou goed op (dit is nie die onderwysers se verantwoordelikheid nie) !!

JAKKIES OPEDAG
Ons vra dat ouers asb. die woord sal versprei aan julle vriende en familie dat Jakkies se Opedag op 30 Augustus plaasvind. Ons wil so veel as moontlik mense uitnooi. Advertensie is aangeheg.

……..
T.E. MOSTERT
Skoolhoof

GEBEDSLYS:

Madré van der Merwe (tannie oorlede)

Abigail Jackson (oupa oorlede)

Gelukkige Vrouedag! 9 Augustus

REGISTRASIE EN TOELATING VAN LEERDERS
BY PUBLIEKE SKOLE IN 2025

BEVESTIGING VAN INFORMASIE VAN 'N LEERDER WAT REEDS BY HIERDIE SKOOL GEREGISTREER IS

Geagte Ouer/Voog

Maak asseblief seker van die korrektheid van die informasie wat by die skool van u kind beskikbaar is. Indien informasie soos u adres of telefoonnommer verander, moet u die skool daarvan verwittig sodat ons dit op die toelatingsregister (SA-SAMS) kan verander.

Vul die onderstaande afskeurstrokie in en handig dit terug op die volgende datum:

Dag: **12** Maand: **Augustus** Jaar: **2024**

Indien u kind hierdie skool gaan verlaat, moet u 'n oorplasingsertifikaat aanvra om toelating tot 'n volgende skool te verkry.

Die uwe

.....
T.E. MOSTERT
WAARNEMENDE SKOOLHOOF

AFSKEURSTROKIE:

Voltooi asseblief en stuur asseblief voor bostaande datum terug na die klasonderwysers.

My kind/ers: (Name + graad + klas)

_____ (gr ____) _____(gr ____) _____(gr ___)

Sal in **2025** terugkeer na hierdie skool: ☐

Sal nie in **2025** terugkeer na hierdie skool toe **nie:** ☐

Hiermee doen ek aansoek vir 'n oorplasingsertifikaat **aan die einde** van 2024: ☐ (Slegs gr R – 6)
(Die graad 7-klas sal almal oorplasingsertifikate ontvang)

OUER SE HANDTEKENING: _____

DATUM: _____

(VOORSKRIFTELIKE DEPARTEMENTELE VORM)

KAREEHOF KOSHUIS

Piet Retiefstraat
Posbus 107
JACOBSDAL
8710
Telefoon: 060 961 0073
kareehofkoshuis@gmail.com

HERREGISTRASIEVORM VIR 2025

Geagte Koshuisouer/-voog

Maak asseblief seker van die korrektheid van die informasie wat by die skool en koshuis van u kind beskikbaar is. Indien informasie soos u adres of telefoonnommer verander, moet u die skool en koshuis daarvan verwittig sodat ons dit op die toelatingsregister (SA SAMS) kan verander.

Vul die onderstaande afskeurstrokie in en handig dit in voor die volgende datum:

Dag: **12** Maand: **Augustus** Jaar: **2024**

Indien u kind die koshuis aan die einde van die jaar gaan verlaat, moet u ons asseblief daarvan in kennis stel. **(Hierdie vorm word nie deur graad 7-leerders ingevul nie.)**

Neem asseblief kennis van die volgende:

Alle koshuisgelde vir 2024 moet op 8 November 2024 betaal wees. Leerders wie se koshuisgeld ná hierdie datum steeds agterstallig is, sal hulle plek in Kareehof Koshuis vir die volgende jaar verbeur.

Leerders wat vir die eerste keer aansoek doen om toelating in die koshuis, moet 'n **deposito van R1000** voor die einde van **November 2024** betaal om hulle plekke vir 2025 te verseker.

Die uwe

_____
SUPERINTENDENT
Kareehoof Koshuis

✂ _____

AFSKEURSTROKIE:

Voltooi asseblief en stuur asseblief voor bostaande datum terug na die klasonderwysers.

My kind/ers: (Naam + graad + klas)

_____Gr. ___ / _____Gr. ___ / _____Gr. ___

Sal in 2025 terugkeer na hierdie koshuis: ☐

Sal nie in 2025 terugkeer na hierdie koshuis **nie:** ☐ **(Graad 7's vul nie hier in nie)**

OUER SE HANDTEKENING: _____

DATUM: _____

WHAT-A-LOT

WE'VE GOT

Jakkies

Opwaarts Opwaarts

Kantoor: 053 050 5986
admin@jakkies.com

Kom kuier by ons

OPEDAG

30 Augustus

Plek:	Tyd:	Kom geniet 'n
Jacobsdal Primêre Skool	09:00 vir 09:30	koppie koffie saam

" Jacobsdal Primêre Skool is 'n tradisieryke Afrikaanse skool. Christelike waardes, betekenisvolle tradisies en hoë gehalte onderrig is vir ons belangrik. Dit is belangrik vir ons om vir elke kind in die skool 'n plekkie in die son te gee en 'n geleentheid om opwaarts uit te styg soos deur ons skoolwapen gesimboliseer word."

Mev. Tersia Mostert - Skoolhoof

Groot pryse te wen
ITEC
Noord-Kaap
Jakkies
O/12 TENNISTOERNOOI
23 & 24 AUGUSTUS 2024
Skryf in 4 leerders
seuns- en of dogters span
Vir meer inligting
Kontak Ruan 071 880 6309
Kostes R400 per kind
Sluit middagete & aandete in.
Koshuis verblyf ook beskikbaar @
R250 ń kind sluit ontbyt in.

Esther
Into the presence of the King
DAMES OGGEND
24 AUGUSTUS 2024
9:30 VIR 10:00
R120P/P
WOORD & LEWE
JACOBSDAL
NAVRAE: WILMA
061 722 4897
Jacoline
For the love of parfum...
Ingesluit:
Ete en drinkgoed
Sample parfuum van Jacoline Parfuum
Sample van Mooiste Meisie
skoonheidsprodukte
Te koop:
Jacoline Parfuum
Silver4you
Mooiste Meisie